PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

TRUSTEEVERSLAG

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2023

Die doel van hierdie trusteeverslag is om belanghebbers in te lig oor die stand van die fonds en verwikkelinge wat 'n invloed gehad het op die fonds en sy lede gedurende 2023.

2023 FONDS-OORSIG

In 2023 is die fonds steeds op 'n noukeurige en gesonde wyse deur die raad van trustees (die Beheerliggaam) bestuur. Die trustees word bygestaan deur verskillende professionele adviseurs en word op hoogte gehou van die jongste tendense en verwikkelinge in die aftreefondsbedryf.

BELASTINGVERLIGTING

Lede word weer eens daarop gewys dat hul belastingverligting op totale bydraes van tot 27,5% van die hoogste van belasbare inkomste of vergoeding, tot en met 'n maksimum van R350 000 'n jaar, kan ontvang. Hierdie bedeling geld vir totale bydraes aan pensioenfondse, voorsorgfondse en uittree-annuïteite. Die fonds is 'n baie koste-effektiewe spaarvoertuig vir addisionele bydraes. Lede wat 'n ekstra bydrae ten opsigte van hulle aftreebesparing wil maak, word aangemoedig om die fonds hiervoor te oorweeg. Lede word ook daarop gewys dat spaargeld in bewaringsfondse oorgedra mag word na die fonds om sodoende aftreegeld te konsolideer. Kontak gerus die pensioenkantoor vir meer inligting oor hierdie opsies.

IFLA (IN-FONDS LEWENDE ANNUÏTEIT)

Ons het reeds voorheen gekommunikeer dat die in-fonds lewende annuïteitsopsie (IFLA) sedert 1 Maart 2019 as die fonds se amptelike verkose annuïteitstrategie dien. Ons het ook voorheen gekommunikeer dat PPF-lede opsionele toegang het tot eksterne annuïteitsprodukte van Alexander Forbes en Sanlam wat teen groothandel tariewe gebied word. Volledige inligting oor hierdie produkte is op die fonds se webwerf beskikbaar.

Lede word ook weer daaraan herinner dat hul aftreevoordele verdeel mag word tussen die in-fonds lewende annuïteit (IFLA) en eksterne annuïteitsprodukte. Voorheen sou lede wat IFLA wou kies, hulle volle aftreevoordeel in die fonds daarin moes plaas.

Die fonds het ook gedurende die jaar weer 'n projeksiestaat uitgestuur om lede 'n idee te gee van watter aftreevoordele hulle redelikerwys kan verwag gegewe sekere aannames oor beleggingsgroei en hulle huidige aftreefondsbydraes en fondswaardes. Indien daar 'n leemte in u voorsiening blyk te wees, oorweeg gerus die addisionele bydrae roete.

NUWE (OU) HOOFBEAMPTE

Mnr Stephan Pretorius (die PPF se Hoofbeampte vanaf 14 Februarie 2022) het in Februarie 2023 bedank as Saakgelastigde van die NG Kerk in SA. Hy het op 28 Februarie 2023 ook bedank as die PPF se Hoofbeampte. Die Beheerliggaam het 'n vorige hoofbeampte (ds Bossie Minnaar wat ook 'n IFLA-lid van die fonds is) aangestel as Hoofbeampte van die PPF vanaf 1 April 2023. Hierdie aanstelling is op 24 April 2023 deur die FSCA erken.

VERKIESINGS

Die verkiesing van Wes-Kaapland se ledeverteenwoordigers (6) op die Beheerliggaam het gedurende April 2023 plaasgevind. Die termyn begin op 1 Mei 2023. Die volgende nuwe trustees sluit vir die eerste keer by die Beheerliggaam aan: ds Lenois Stander en prof Nelus Niemandt. Die volgende vier lede is herkies: ds Monty Sahd, ds Eugene Malan, dr Johan van den Heever en ds Jampie Nel. Ds Roelien Karsten dien as eerste sekundus en ds Vernon Bekker as tweede sekundus. Die vyf persone wat deur die Moderatuur van die NG Kerk in SA aangewys is vir die nuwe termyn is: mnr Jan Swanepoel, mnr Christian van Schalkwyk, mnr Werner Jordaan, mnr Jan Kotze en mev Maré van der Merwe. Laasgenoemde dien vir die eerste keer op die Beheerliggaam.

Die verkiesing van die PPF se pensioentrekkerverteenwoordiger en IFLA-verteenwoordiger het ook in April 2023 plaasgevind. Ds Christo Alheit is herkies as pensioentrekkerverteenwoordiger en ds Charl Stander is die nuwe IFLA-verteenwoordiger. Die Beheerliggaam het by die Junie 2023 vergadering vir ds Monty Sahd as voorsitter herkies.

AKTUARIËLE WAARDERING

Vir goeie bestuur het die trustees gedurende 2023 die fonds se risikobestuursbeleid hersien. Die fonds se statutêre aktuariële waardering (vir die drie jaar tot 31 Desember 2022) is ook gedurende 2023 voltooi en met die Beheerliggaam bespreek. Die waardering het bevestig dat die fonds baie goed bestuur word en in 'n gesonde finansiële toestand is.

PENSIOENTREKKERS: GEWAARBORGDE VERHOGINGS

Die groot hoogtepunt van die jaar was die aankoop met die fonds se pensioentrekkerbates van 'n versekeringspolis (onderskryf deur Sanlam) wat die pensioene van die fonds se vaste voordeel pensioentrekkers waarborg met jaarlikse verhogings gelyk aan volle inflasie. In die verlede kon die fonds slegs verhogings van sowat 70% aan pensioentrekkers toestaan. Pensioentrekkers sal voortaan aansienlik beter verhogings ontvang en dit is boonop gewaarborg. Die aankoop van hierdie polis op verbeterde terme is moontlik gemaak deur die doelgerigte bestuur van die pensioentrekkerbates en die onlangse goeie pryse in die versekeringsmark. Pensioentrekkers het op 1 Januarie 2024 hulle eerste gewaarborgde verhoging gelyk aan volle inflasie (5,4%) ontvang.

PENSIOENTREKKERS: BONUS

Pensioentrekkers het in Desember 2023 'n bonus, gelyk aan 'n volle maand se pensioen, ontvang. Na die aankoop van die versekeringspolis uit die pensioentrekkerbates, soos in die vorige paragraaf verduidelik, was daar nog fondse beskikbaar.

VRYSTAAT

Lede van gemeentes in die sinodale gebied van die Vrystaat het reeds op 1 September 2021 by die PPF as bydraende lede aangesluit. Die oordrag van hul fondskrediete in die Sinodale Pensioenfonds van die Vrystaat is uiteindelik in Junie 2023 deur die FSCA goedgekeur en die oorbetaling daarvan is in Augustus 2023 voltooi.

TWEEPOTSTELSEL

Lede sou moontlik in die media verneem het dat die nuwe "tweepotaftreestelsel" op 1 September 2024 in werking tree. Hierdie stelsel gaan aan lede op 1 September 2024 die opsie bied om die laagste van 10% van hul fondskrediete of R30 000 eenmalig te onttrek. Hierna het bydraende lede die opsie om jaarliks tot een derde van bydraes tot die fonds (die spaarpot) vrywillig te onttrek. Die tweederde gedeelte (aftreepot) sal slegs by aftrede gebruik kan word. Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat enige vrywillige onttrekking belas sal word soos inkomste teen elke lid se marginale inkomstebelastingkoers. Volledige kommunikasie oor hierdie stelsel sal in die aanloop tot 1 September 2024 aan lede gestuur word.

Lede word herinner om die fonds se webwerf by **www.ppfkaapkerk.co.za** te besoek vir meer inligting oor die fonds.

Die meegaande bylaes gee meer volledige inligting oor die fonds se werksaamhede:

- **Bylaag 1: Raad van trustees, ampsdraers en diensverskaffers (Bladsy 2)**
- **Bylaag 2: Administrasie, Risikovoordele en Lidadvies (Bladsy 4)**
- **Bylaag 3: Reëlwysigings en Lidmaatskapbesonderhede (Bladsy 5)**
- **Bylaag 4: Beleggings (Bladsy 6)**
- **Bylaag 5: Belangrike dokumente en inligting (Bladsy 9)**

BYLAAG 1: RAAD VAN TRUSTEES, AMPSDRAERS EN DIENSVERSKAFFERS

Die fonds word bestuur deur 'n raad van trustees. Drie formele en drie ad hoc-trusteevergaderings is gedurende die fondsjaar gehou. Die volgende trustees dien tans in die raad:

Ledeverteenwoordigers	Pensioentrekkerverteenwoordiger	Werkgewerverteenwoordigers
Ds Monty Sahd (voorsitter) (WK)	Ds Christo Alheit	Mnr Werner Jordaan (WK)
Ds Eugene Malan (WK)		Mnr Jan Kotze (WK)
Ds Miriam Nel (WK)	**IFLA-verteenwoordiger**	Mnr Jan Swanepoel (WK)
Prof Nelus Niemandt (WK)	Ds Charl Stander	Mev Maré van der Merwe (WK)
Ds Lenois Stander (WK)		Mnr Christian van Schalkwyk (WK)
Dr Johan van den Heever (WK)		Ds Christo Jonck (NK)
Ds Melt Loubser (NK)		Ds Danie Mouton (OK)
Ds Jurie Pretorius (OK)		Ds JP Grobler (KZN)
Ds Petrus Botha (KZN)		Dr L Foot (VS)
Mnr Adriaan de Ruiter (VS)	**Hoofbeampte**	
	Ds Bossie Minnaar (vanaf 1 April 2023)	

SUBKOMITEES

Die trustees delegeer die oorweging van sekere gespesialiseerde funksies na twee subkomitees op wie se rapportering en aanbevelings die trustees besluite neem. Die beleggingskomitee hanteer alle aspekte van die fonds se beleggingstrategie en die implementering daarvan. Die oudit- en risikokomitee beoordeel finansiële verslagdoeningsprosesse, stelsels van interne kontrole en bestuur van finansiële risiko's, ouditeringsprosesse, prosedures van voldoening aan wette, regulasies en gedragskodes, en die finansiële state. Hierdie subkomitees is soos volg saamgestel:

Beleggingskomitee
Ds Charl Stander (voorsitter)
Mnr Johan de Villiers
Dr Leon Foot
Ds Melt Loubser
Prof Niel Krige
Mnr Robert Roux
Ds Monty Sahd
Mnr Christian van Schalkwyk
Hoofbeampte (ds Bossie Minnaar)

Oudit- en Risikokomitee
Mnr Jan Kotze (voorsitter)
Ds Monty Sahd
Ds Charl Stander
Mev Maré van der Merwe
Mev Annerina Viljoen
Hoofbeampte (ds Bossie Minnaar)

TRUSTEES SE PLIG

Dit is die trustees se plig om:

- die fonds te bestuur ingevolge die reëls van die fonds asook die pensioenfonds- en belastingwette;
- alle redelike stappe te neem om seker te maak dat lede se belange altyd beskerm word;
- met sorg, ywer en goeie trou op te tree;
- belangebotsings te vermy;
- regverdig op te tree teenoor alle lede en begunstigdes;
- seker te maak dat die fonds behoorlike beheerstelsels het;
- seker te maak dat die fonds genoegsaam en toepaslik met lede kommunikeer;
- redelike stappe te neem om seker te maak dat bydraes betyds inbetaal word;
- kundiges te raadpleeg, waar nodig;
- seker te maak dat die bestuur en administrasie van die fonds aan alle toepaslike wette voldoen.

Die trustees het drie keer gedurende 2023 vergader en 'n kworum was by elke vergadering teenwoordig.
Die beleggingskomitee en oudit- en risikokomitee het onderskeidelik vier en twee keer vergader gedurende die kalenderjaar.

DIENSVERSKAFFERS

Die fonds maak gebruik van 'n aantal diensverskaffers om bepaalde funksies te verrig. Die aanstelling van die diensverskaffers word van tyd tot tyd heroorweeg. Geen veranderinge is gedurende die periode gemaak nie.
Die hooffunksies van die onderskeie diensverskaffers is soos volg:

Diens	Rol
Administrateurs	Die administrateurs hanteer al die dag-tot-dag administratiewe pligte van die fonds. Hulle maak onder meer seker dat bydraes betyds ontvang word, voordele uitbetaal word en nuwe lede aangeteken word.
Aktuariële advies	Die aktuaris of waardeerder is 'n wiskundige en finansiële kenner wat volgens wet moet rapporteer oor die fonds se finansiële posisie indien die fonds nie vrygestel is van aktuariële waarderings nie.
Bank	Dit is die bank waar die fonds sy rekeninge hou waarin geld gedeponeer en waaruit betalings gedoen word.
Batebestuurders	Die kenners wat die bates van die fonds bestuur om goeie opbrengste teen aanvaarbare risikovlakke te genereer.
Beleggingskonsultante	Die spesialiste bepaal, in samewerking met die trustees en die beleggingskomitee, die fonds se beleggingstrategie en voer dit dan prakties uit.
Konsultante	Hulle adviseer die trustees oor die bestuur van die fonds.
Ouditeure	Die ouditeure ondersoek een maal 'n jaar die fonds se finansiële state om seker te maak dat daar niks met die fonds se finansiële rapportering skort nie en om te verseker dat die inligting in die finansiële state redelik is.

Die volgende instansies lewer tans dienste aan die fonds:

Administrateur	Alexander Forbes Finansiële Dienste
Aktuariële dienste	Alexander Forbes Finansiële Dienste
Bank	Standard Bank
Batebestuurders	**Plaaslike Aandele**: Allan Gray, Coronation en Sanlam
	Plaaslike Effekte, Geldmark en Krediet: Futuregrowth en Ninety One
	Plaaslike Infrastruktuur: Stanlib
	Plaaslike inkomste: Prescient en Ninety One
	Buitelandse aandele (Passief): Stanlib
	Buitelandse aandele in ontwikkelde lande: Sygnia Life (Ardevora, Global Quality Growth Partners (GQG), Hosking Partners, Lansdowne Partners, Lindsell Train, Metropolis Capital, Polaris Capital en Veritas Global Equity en Sands Capital)
	Buitelandse aandele in ontluikende lande:
	Sygnia Life (Aikya, Coronation, Global Quality Growth Partners (GQG), Pzena en Sands Capital)
	Buitelandse genoteerde infrastruktuur: Sygnia Life (Maple-Brown Abbott)
	Buitelandse eiendom: Sygnia Life (Resolution Capital)
	Buitelandse privaat ekwiteit: Sygnia Life (OSE en Braavos III)
Beleggingskonsultante	Willis Towers Watson Aktuarisse en Konsultante
Konsultante	Alexander Forbes Finansiële Dienste
Ouditeure	Deloitte

BYLAAG 2: RISIKOVOORDELE, ADMINISTRASIE EN LIDADVIES

RISIKOVOORDELE

Risikovoordele word voorsien uit versekeringspolisse buite die fonds. Hierdie versekeringspolisse is in die naam van die NG Kerk in SA en bied voordele aan die PPF-lede afkomstig van die sinodes van Wes-Kaapland, Oos-Kaapland, Noord-Kaapland en KwaZulu-Natal. Die NG Kerk in SA het ’n mandaat aan die PPF se Beheerliggaam gegee om die bestuur van hierdie polis se voordele en premies te oorsien. Die sinode van Vrystaat het afsonderlike versekeringspolisse wat risikovoordele vir PPF-lede afkomstig van die sinode van Vrystaat voorsien. Hierdie polis word nie deur die PPF se Beheerliggaam bestuur nie. Die inligting oor risikovoordele in die onderstaande paragrawe is dus nie van toepassing op PPF-lede afkomstig van Vrystaat nie.

Versekeringspremies ten opsigte van risikodekking vir die fonds se lede word maandeliks van die totale bedrag van die werkgewerbydraes afgetrek en direk aan Sanlam oorbetaal. Die balans van die werkgewerbydraes tesame met die lidbydraes word dan aan die fonds betaal as fondsbydraes en aangewend, na verrekening van administrasiekoste, vir die opbou van aftreevoordele.

Sanlam se gekwoteerde tariewe vir 2024/2025 (1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025) vir doodsdekking, ongeskiktheids-inkomste en gadeversekering het slegs gestyg met die styging in risikosalaris van 7,15%. Lede se bydraes het ook gestyg met 7,15% weens die styging in salaris en die netto bydrae tot die fonds vir aftreevoordele styg dus ook met 7,15%.

Buigsame risikovoordele (sterftedekking) word sedert 1 Maart 2015 gebied. Lede word weer op 1 Maart 2024 die geleentheid gegun om hulle keuse te hersien.

ADMINISTRASIEKOSTE

Vanaf 1 Junie 2018 is die maandelikse aftrekking ten opsigte van koste by aktiewe lede, IFLA-lede en pensioentrekkers tydelik gestaak en hierdie koste was verhaal uit die fonds se kostegebeurlikheidsreserwe tot tyd en wyl die balans in hierdie reserwe ongeveer R2 000 000 bereik. Die reserwerekening het ’n balans van R2 000 000 in Junie 2021 bereik en die Beheerliggaam het gevolglik besluit dat maandelikse aftrekkings op 1 Julie 2021 hervat moes word. Die aftrekkings het R239,12 (bydraende lede), R215,17 (opbetaalde en uitgestelde-lede) en R223,67 (pensioentrekkers en IFLA-lede) beloop vanaf 1 Januarie 2023. Die aftrekkings is hersien op 1 Januarie 2024 en is aangepas na R227,41 (bydraende lede), R202,86 (opbetaalde en uitgestelde-lede) en R206,07 (pensioentrekkers en IFLA-lede). Die administratiewe fooi vir pensioentrekkers is ingesluit in die versekeringspolis en gevolglik het die aftrekking vir hierdie groep gedaal tot R110,95.

LIDADVIES

Lede word sterk aangemoedig om tydig ’n professionele finansiële adviseur se advies te vra. Die fonds het met spesifieke finansiële adviseurs se maatskappye ’n diensvlakooreenkoms gesluit om finansiële advies teen ’n vasgestelde prys te voorsien.

Die verdere voordeel is dat hierdie fooi nie in kontant deur die lid betaal hoef te word nie – dit word van die lid se fondskrediet verhaal. ’n Lid mag kies om ’n eie finansiële adviseur aan te stel. Die lid sal egter self die adviesfooi moet beding (en betaal) vir finansiële adviseurs wat nie uit die fonds se goedgekeurde paneel van adviesfirmas kom nie. Bekendstellingsbrosjures van hierdie adviseurs, Estian Visagie van Alexander Forbes Finansiële Beplanningsdienste en George de Kock van Sanlam BlouSter, is beskikbaar by die pensioenkantoor en op die fonds se webwerf.

Lede word inligting gebied in onder andere nuusbriewe, inligtingstukke wat by diensverlating en aftrede beskikbaar is, die fonds se webwerf (**www.ppfkaapkerk.co.za**), Alexander Forbes Online (www.afonline.co.za) en inligtingseminare.

Die volgende stukke is onder andere beskikbaar op die fonds se webwerf vir lede se gebruik:

- Opsies vir wanneer u u aftreefonds verlaat.
- Opsies wanneer u aftree by u werkgewer.
- Die IFLA-opsie brosjure.
- Vrae en antwoorde oor die IFLA-opsie.

INLIGTINGSBEAMPTE

Die hoofbeampte dien as Inligtingsbeampte van die fonds en is verantwoordelik vir enige wetlike pligte wat daarmee gepaard gaan. Lede kan die hoofbeampte enige tyd direk skakel. Sien bladsy 10 vir die kontakbesonderhede.

BYLAAG 3: REËLWYSIGINGS EN LIDMAATSKAPBESONDERHEDE

REËLWYSIGINGS

Die reëls van ’n fonds bepaal hoe die fonds bestuur moet word. Die reëls moet deur die Gedragsowerheid geregistreer word. Dit moet ook deur die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID) goedgekeur word. Nadat die reëls geregistreer is, moet alle daaropvolgende reëlwysigings ook deur die Registrateur geregistreer word. Die reëls moet ook deur die SAID goedgekeur word.

Die PPF se reëls is in 2023 gewysig (reëlwysiging 10) om die aantal pensioentrekkertrustees op die Beheerliggaam van twee na een te verminder aangesien die fonds baie beperkte insette rakende die bestuur van die pensioentrekkerbates en verpligtinge het sedert die aankoop van die versekeringspolis effektief 1 Mei 2023.

Al die reëls van die fonds, sowel as die redes vir die onlangse wysigings, kan by die Pensioenkantoor bestudeer word te De Langestraat 5, Bellville, 7530. Die reëls is ook op die fonds se webwerf beskikbaar.

LIDMAATSKAPBESONDERHEDE

Die lidmaatskap van die fonds het (soos hieronder aangedui) gedurende 2023 verander: die Beheerliggaam wil ook innige meegevoel en simpatie oordra aan die families en vriende van ons PPF-lede wat gedurende die jaar gesterf het.

	2022	2023
Lede op 1 Januarie	**668**	**654**
Nuwe lede	48	33
Nuwe lede van Vrystaat	124	-
Uitdienstreders	(9)	(10)
Oordragte na ander fondse	(2)	(14)
Sterftes	(5)	-
Aftredes	(46)	(41)
Konsolidasie van rekords	-	(6)
Lede op 31 Desember	**654**	**616**

	2022	2023
Pensioentrekkers op 1 Januarie	**252**	**240**
Nuwe pensioene*	3	6
Beëindiging van pensioene	(15)	(19)
Pensioentrekkers op 31 Desember	**240**	**227**

* Weduwees na afgetrede pensioentrekkers gesterf het

	2022	2023
Annuïtante op 1 Januarie	**65**	**81**
Nuwe annuïtante	16	26
Oordragte na versekeraars	-	(5)
Sterftes	(1)	(1)
Nuwe gades	1	1
Annuïtante op 31 Desember	**81**	**102**

BYLAAG 4: BELEGGINGS

2023 OORSIG

In sy boek *"Thinking, Fast and Slow"* het die ekonomiese Nobelpryswenner Daniel Kahneman geskryf dat die idee dat die toekoms onvoorspelbaar is, elke dag ondermyn word deur die gemak waarmee die verlede verduidelik word. Dit is natuurlik relatief maklik om te verduidelik wat in markte gebeur het en binnekort sal groot taalmodelle soos *ChatGPT* dit beter as bykans enige mens kan doen.

Die dwaasheid om te probeer voorspel wat beleggingsopbrengste oor die volgende paar jaar (en selfs langer tydperke) kan lewer, word so goed geïllustreer deur net terug te kyk na die voorspellings wat sogenaamde “markkenners” aan die begin van 2023 gemaak het. Op daardie stadium het buitelandse aandele- en effektemarkte van die swakste opbrengste in dekades gelewer. Die buitelandse aandele- en effektemarkte was onderskeidelik minus 18,4% en minus 16,2% laer in VSA vir die 2022-kalenderjaar. Die redes wat vir hierdie swak opbrengste gegee is, het gefokus op beleggers se kommer oor hoë inflasie, vrese vir ’n wêreldwye resessie en die negatiewe impak van die Russies-Oekraïnse oorlog. Daar was inderdaad baie om oor somber te wees. Die meeste kenners het beleggers “gewaarsku” dat 2023 ’n moeilike jaar sou wees.

Een jaar later is die werklike opbrengste wat in 2023 waargeneem is, van die beste in dekades. Buitelandse aandele- en effektemarkte was onderskeidelik 22,2% en 5,7% hoër in VSA$. Hierdie opbrengste is gelewer ondanks die uitbreek van ’n groot konflik tussen Israel en Hamas in die Midde-Ooste en voortslepende kommer by beleggers dat inflasie taaier sal wees as wat gehoop word. Die “groot” fout wat die meeste kenners gemaak het, was dat hulle die veerkragtigheid van die Amerikaanse verbruiker en ekonomie onderskat het. Amerika kon die beduidende styging in rentekoerse weerstaan en kon inflasie tem sonder om in ’n resessie te gaan.

Die ander “groot” gebeurtenis, wat byna geen kenner kon voorspel nie, was natuurlik die vrystelling van groot taalmodelle (soos *ChatGPT*) wat kunsmatige intelligensie in die gebied van algemene gebruikerstegnologie (*'General Purpose Technology'*) gebring het (ja, dit is waar 'GPT' vandaan kom). Die aandeelpryse van die sogenaamde *Magnificent Seven ("M7")* maatskappye (*Apple, Amazon, Alphabet [Google], Meta [Facebook], Microsoft, Nvidia* en *Tesla),* wat na verwagting die hoof begunstigdes van hierdie innovasie sou wees, het gestyg. Hierdie maatskappye was gemiddeld 111% hoër in 2023 en maak byna 40% van die opbrengste vir buitelandse aandele oor die jaar uit.

Gegewe hoe verkeerd kundiges in 2023 was (en in baie ander jare as bogenoemde ontleding herhaal word), moet hulle werklik beleggingsopbrengste vir 2024 en daarna voorspel?

Valutabeheerwetgewing bepaal dat aftreefondse, soos die Predikante Pensioenfonds, ’n maksimum van 45% in die buiteland kan belê. Die oorblywende 55% moet in Suid-Afrika belê word, hoewel baie van die maatskappye wat op die plaaslike beurs genoteer is, beduidende buitelandse verdienste het (byvoorbeeld Richemont, British American Tobacco, AB Inv, Anglo American, BHP en Naspers / Prosus). Wat dus in die plaaslike mark gebeur, het ’n wesenlike impak op die beleggingsopbrengste van die Predikante Pensioenfonds.

Dit is welbekend dat Suid-Afrika aansienlike teenwinde ondervind met ’n krakende infrastruktuur (ons is almal bewus van die swaarkry wat veroorsaak word deur beurtkrag en watervoorsieningsonderbrekings word ook al hoe meer algemeen), hoë werkloosheid en trae ekonomiese groei. Indien enigiets, kan markkenners gekritiseer word omdat hulle nie negatief genoeg is nie, aangesien dinge vinniger versleg het as wat die meeste voorspel het. Natuurlik is die markdeelnemers bewus van al hierdie negatiewe faktore en hulle het hierdie risiko's oorweeg om te bepaal wat hulle bereid is om vir ’n bate te betaal en vereis dus ’n hoë opbrengs as vergoeding vir die risiko.

Die belangrike punt is dat opbrengste uit Suid-Afrikaanse bates oor die volgende paar jaar hoog kan wees indien die posisie wat ontvou beter is as wat die beleggingskundiges tans voorspel. ’n Mens kan boekdele skryf oor wat die toekoms kan inhou, maar soos waargeneem uit die buitelandse aandele opbrengste vir 2023, kan baie dinge gebeur en dit is baie moeilik om opbrengste korrek te voorspel.

'n Markaanwyser is 'n indeks wat 'n aanduiding gee van die algemene rigting en sterkte van 'n mark. Die volgende grafiek wys hoe die sleutelmarkaanwysers (Suid-Afrikaanse en buitelandse aandele, effekte en kontant) oor verskillende tydperke (in rand en per jaar) gevaar het tot 31 Desember 2023.



	Plaaslike aandele (CAPI)	Plaaslike eiendom	Plaaslike effekte	Plaaslike kontant	Buitelandse aandele	Buitelandse effekte
1 jaar	8,4%	10,7%	9,7%	8,1%	31,3%	13,6%
3 jaar	14,3%	14,6%	7,4%	5,7%	13,8%	1,7%
5 jaar	11,9%	(0,7%)	8,2%	5,9%	17,2%	4,6%
8 jaar	9,0%	(2,3%)	8,3%	6,5%	12,1%	2,9%
10 jaar	8,8%	1,7%	8,0%	6,4%	14,1%	6,1%

DIE FONDS SE BELEGGINGSPORTEFEULJES EN -PRESTASIE

Lede kan gemoedsrus daaruit put dat die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds (en die beleggingskomitee) deurlopend baie moeite doen om beleggingsportefeuljes op te stel wat ontwerp is om veerkragtig te wees oor 'n wye verskeidenheid marktoestande en dat die fonds se portefeuljes goed gediversifiseer is. Die beleggingskomitee verwag dat die proses oor lang tydperke tot beter opbrengste sal lei, maar dit kan natuurlik nie gewaarborg word nie.

Die tabel hieronder toon die markwaardes van die fonds se beleggingsportefeuljes soos op 31 Desember 2023 aan:

Portefeuljes	**Markwaarde**
Langtermyn-portefeulje	R1 572,4 m
Konserwatiewe-portefeulje	R 617,8 m
Inkomstebeskerming-portefeulje	R 215,4 m
Pensioentrekker-portefeulje	R 8,5 m
Reserwe Portefeulje #	R 2,5 m
Totale fondswaarde	**R2 416,5 m**

 # Die Reserwe Portefeulje bevat die beleggings ten opsigte van die fonds se gebeurlikheidsreserwes en ander voorsienings.

Hoe het die portefeuljes vir periodes tot 31 Desember 2023 gevaar?

Die fonds se beleggingsportefeuljes het in 2023 besonder goed presteer (sien grafiek op bladsy 8) weens marktoestande soos reeds bespreek. Die belangrikste faktor wat die beleggingsopbrengste oor langer periodes beïnvloed het, is die swak prestasie van plaaslike bates aangesien beleggers bekommerd geraak het oor die broosheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

LANGTERMYN-PORTEFEULJE

Die Langtermyn Portefeulje neem 'n langtermynbeleggingshorison aan. Die portefeulje sal altyd 'n blootstelling van sowat 70% tot 80% aan die aandelemark (of aandele) hê. Dit beteken dat die portefeulje se opbrengs wisselvallig sal wees en dat daar periodes sal wees wanneer die opbrengs aansienlik negatief is. Oor lang periodes moet beleggers egter beloon word om meer risiko's aan te neem, mits die onderliggende stelsel kan terugbons.

Oor die afgelope 10 jaar het die portefeulje 'n opbrengs gelewer wat 4,2% per jaar bo inflasie is. Dit is waarskynlik billike beloning vir die risiko wat geneem word.

KONSERWATIEWE-PORTEFEULJE

Die Konserwatiewe Portefeulje is geskik vir lede wat ’n korter beleggingshorison het. Tipies sal die portefeulje slegs 'n blootstelling van 40% tot 50% tot die aandelemark hê. Die portefeulje het ook ’n sekondêre doelwit om 'n positiewe opbrengs oor die korttermyn te lewer, hoewel daar onvermydelik tye sal wees wanneer die opbrengs oor ’n 12 maande periode tog negatief is, soos wel die geval tydens die finansiële krisis in 2009 en aan die begin van die Covid-19 pandemie in 2020 was.

INKOMSTEBESKERMING-PORTEFEULJE

Hierdie portefeulje word in geldmarktipe, krediet en effekte instrumente belê en is geskik vir lede met ’n baie kort beleggingshorison. Ook hierdie portefeulje het die afgelope jaar uitsonderlike prestasie gelewer nadat die Suid-Afrikaanse Reserwebank korttermynrentekoerse tot die hoogste vlak sedert 2009 verhoog het.

BELEGGINGSOPBRENGSTE

Die volgende grafiek toon die beleggingsopbrengste (na batebestuursfooie in ag geneem is) aan wat op die beleggingsportefeuljes, beskikbaar vir die aktiewe lede, verdien is oor die onderskeie periodes tot 31 Desember 2023. Die beleggingsopbrengste word met inflasie (VPI) vergelyk.



Vir periodes van langer as een jaar word die opbrengste per jaar getoon. Dit beteken dat die getoonde opbrengste die gemiddelde jaarlikse opbrengs vir elke jaar oor die onderskeie tydperk is. Tensy jy naby aftrede is (byvoorbeeld ouer as 55), moet spaar vir jou aftrede as ’n langtermynprojek beskou word. Dit is om hierdie rede dat die tienjaaropbrengste van die fonds doelbewus eerste getoon word, sodat jy op die langtermyn kan fokus wanneer jy na die beleggingsprestasie van jou aftree spaargeld kyk.

Al die beleggingsportefeuljes het oor alle periodes inflasie met gemak uitpresteer.

DIE FONDS SE BELEGGINGSKEUSES

Lede word daaraan herinner dat die fonds van ’n lewensfasemodel (wat ook die fonds se verstek beleggingsportefeulje is) gebruikmaak waar die beleggingstrategie ietwat meer konserwatief word nader aan aftrede. Die fonds se lewensfasemodel hou verband met die fonds se annuïteitstrategie, wat ’n in-fonds lewende annuïteit is en lede behou dus steeds ’n groot mate van markblootstelling terwyl daar ook vir ’n 30% kontantonttrekking met aftrede voorsiening gemaak word.

’n Lid kan egter enige tyd kies om van die lewensfasemodel af te wyk, deur die fondswaarde en toekomstige bydraes volgens die lid se eie keuse tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes te versprei. Wanneer jy besluit om van die verstek lewensfase model af te wyk, is dit noodsaaklik dat jy op jou beleggingshorison fokus. Oorweeg ook hoeveel angs jy sal ervaar as beleggingsopbrengste oor die kort termyn negatief is. Hierdie inligting is bekend en stel jou in staat om jou beleggingstrategie met ’n langtermyn fokus saam te stel. Dit moet egter met die nodige advies gepaard gaan en nie spekulatief gedoen word nie, omdat dit uiters moeilik is om toekomstige opbrengste op ’n konsekwente basis akkuraat te voorspel.

Lede met ’n lang beleggingshorison behoort daarteen te waak om nie hul fondswaarde te konserwatief te belê nie. ’n Langtermynbelegging in die Inkomstebeskermingsportefeulje sal byvoorbeeld waarskynlik nie inflasie met 2% of meer per jaar oor die langtermyn klop nie.

DIE FONDS SE BATEBESTUURDERS

Die meerderheid van die fonds se huidige batebestuurders het oor die langtermyn waarde toegevoeg deur die bates aktief te bestuur. Lede kan egter verseker wees dat die Beheerliggaam deurlopend indringende vrae stel oor die vermoëns van die fonds se batebestuurders en, saam met die beleggingskonsultante, baie tyd spandeer om die regte besluite in hierdie verband te neem.

Die plaaslike aandele blootstelling het oor die jare verminder soos die fonds meer in die buiteland belê het. Die fonds het gevolglik besluit om die aktiewe plaaslike aandelebestuurders vanaf drie na twee te verminder (terminering van Abax tot gevolg) en ook om nie meer 'n aparte plaaslike eiendom allokasie te maak nie, maar om die besluit aan die aandelebestuurders oor te laat (terminering van Sesfikile tot gevolg).

Die gedeelte van die fonds se hoof-bateklasse wat deur elk van die batebestuurders bestuur word, was op 31 Desember 2023 soos volg:

Batebestuurders	Plaaslike aandele R'm	Plaaslike effekte R'm	Plaaslike infrastruktuur R'm	Plaaslike krediet R'm	Plaaslike geldmark R'm	Plaaslike inkomste R'm	Plaaslike Totaal R'm
Allan Gray	162,5						162,5
Coronation	160,5						160,5
Sanlam	212,0						212,0
Ninety One		138,6		82,5	251,8	120,5	593,4
Futuregrowth		157,3					157,3
Prescient						111,8	111,8
Stanlib			106,8				106,8
Totale waarde	**535,0**	**295,9**	**106,8**	**82,5**	**251,8**	**232,3**	**1 504,3**

Batebestuurders	Buitelandse ontwikkelde markte aandele R'm	Buitelandse ontluikende markte aandele R'm	Buitelandse eiendom R'm	Buitelandse genoteerde infrastruktuur R'm	Buitelandse privaat ekwiteit R'm	Buitelandse Totaal R'm
Stanlib	239,9					239,9
Sygnia	363,9	67,4	84,3	110,5	46,2	672,3
Totale waarde	**603,8**	**67,4**	**84,3**	**110,5**	**46,2**	**912,2**

PPF Bates onder bestuur	R'm	Proporsie
Plaaslik	1 504,3	62,3%
Buiteland	912,2	37,7%
Totale waarde	**2 416,5**	**100,0%**

BYLAAG 5: BELANGRIKE DOKUMENTE EN INLIGTING

VOORDEELSTATE

Aktiewe lede se voordeelstate met fondsvoordele soos op 31 Desember 2023 word elektronies versprei. Maak asseblief seker dat u persoonlike besonderhede korrek is en verwittig die Pensioenkantoor of die hoofbeampte van enige wysigings. Dit is belangrik dat u die notas op die voordeelstaat noukeurig bestudeer.

PROJEKSIESTATE

Projeksiestate word afsonderlik van die voordeelstate aan lede gestuur en bevat vooruitskattings van lede se verwagte pensioenvlak gebaseer op sekere ekonomiese aannames. Lede wat binne twee jaar van hul normale aftreedatum is, sal 'n meer spesifieke projeksiestaat ontvang, wat die finansiële impak van verskillende tipes pensioene uiteensit. Dit is belangrik dat lede vroegtydig finansiële advies kry om hulle persoonlike finansiële sake en beplande aftrede verantwoordelik te bestuur.

BEGUNSTIGDE BENOEMINGSVORM

[Hierdie deel is nie van toepassing op die Pensioentrekkers nie.]
Indien u te sterwe kom terwyl u 'n lid van die fonds is, is dit kragtens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse, die trustees se verantwoordelikheid om te besluit oor hoe die sterftevoordele aan u afhanklikes en begunstigdes uitbetaal word. 'n Afhanklike is iemand wat finansieel afhanklik van u is. 'n Begunstigde is 'n nie-afhanklike persoon wat u nomineer om 'n deel van die sterftevoordeel te ontvang.

Om die trustees met hierdie proses te help, is dit belangrik dat u 'n begunstigde benoemingsvorm voltooi waarin u afhanklikes en/of genomineerde begunstigdes aangetoon word. Die voltooide vorm moet by die Pensioenkantoor ingedien word en sal op u persoonlike lêer geplaas word. Die inhoud van die vorm word as streng vertroulik hanteer en sal slegs aan die trustees verklaar word indien 'n sterfte-eis sou ontstaan.

Artikel 37C van die Pensioenfondswet stipuleer hoe sterftevoordele in 'n aftreefonds aan die lid se begunstigdes verdeel moet word. Alhoewel die trustees u wense ten opsigte van u sterfte-voordeel in ag moet neem, kan hulle daarvan afwyk indien hulle van mening is dat daar 'n meer gepaste verdeling is.

Die belangrikste stap is om die vorm te voltooi en in te dien as u dit nog nie gedoen het nie of as u persoonlike omstandighede verander het. Die Pensioenkantoor kan ook geskakel word om die status van u huidige benoemingsvorm te bevestig.

Die beskikbaarheid van 'n bygewerkte begunstigde benoemingsvorm sal grootliks bydra tot die spoedige afhandeling van die eis. As u dit nie doen nie, kan uitbetaling van die voordeel vir maande vertraag word. En dit op 'n tyd wat u geliefdes finansiële sekuriteit broodnodig het. Dit is veral belangrik om u begunstigde benoemingsvorm te hersien wanneer u persoonlike omstandighede verander, byvoorbeeld by die geboorte van 'n kind, huwelik of egskeiding. 'n Blanko benoemingsvorm word by hierdie Trusteeverslag aangeheg vir u gebruik.

PENSIOENBEREGTER

Lede van aftreefondse kan die Pensioenberegter skakel met enige klagtes oor fondssake wat nie tot hul bevrediging deur die fonds hanteer word nie. Die kontakbesonderhede van die Pensioenberegter is soos volg:

Die Pensioenberegter, Posbus 580, Menlyn 0063

Vierde vloer
Riverwalk Office Park, Block A
Matroosbergstraat 41
Pretoria
0081

Telefoon: 012 346 1738
Faks: 086 693 7472

Webwerf: www.pfa.org.za

Geen klagtes is gedurende die rapporteringsperiode teen die fonds by die Pensioenberegter of die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor aanhangig gemaak nie.

BELANGRIKE FONDSINLIGTING

Indien u enige vrae of kommentaar rakende die fonds, die fonds se voordele, beleggings of enige ander fonds-aangeleenthede het, kan u die hoofbeampte of die Pensioenkantoor kontak. Die kontakbesonderhede is soos volg:

Geregistreerde fondsnaam:	Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika
Geregistreerde adres:	De Langestraat 5, Bellville 7530
Raad op Finansiële Dienste Registrasienommer:	12/8/3615
Webwerf:	https://www.ppfkaapkerk.co.za/

Pensioenkantoor	**E-pos**	**Telefoon**
Mev Elodie van der Walt	pensioen@kaapkerk.co.za	021 957 7115

Hoofbeampte	**E-pos**	**Telefoon**
Ds Bossie Minnaar	bossie@kaapkerk.co.za	083 270 5211

Administrateur	**Adres**	**Telefoon**
Alexander Forbes Finansiële Dienste	Posbus 501, Stellenbosch, 7599 Dorpstraat 40, Stellenbosch, 7600	021 809 3600

In die geval van enige verskille tussen die inligting wat in hierdie dokument verskaf word en die reëls van die fonds, sal die reëls van die fonds geld.